

Mediaverklaring

SOS verwelkom Makura se plan om standaard te stel vir laerskool-onderrig

2019-07-02

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) verwelkom Gauteng Premier David Makura se eis dat die standaard van onderrig van laerskole in die provinsie gemeet word. Makura het Maandag tydens sy provinsiale rede gesê hy het reeds aan Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir onderwys, opdrag gegee om die nasionale geïntegreerde assesseringsraamwerk onmiddellik te implementeer. Laerskole se uitslae sal bekendgemaak word.

“In ’n provinsie waar die departement van onderwys meer gereeld op politiek as die gehalte van onderrig fokus, is hierdie opvoedkundige besluit soos ’n vars bries,” sê dr. Danie Brink, hoof van die SOS. “Skole (en ouers) wonder dikwels of hulle op die regte pad is en leer wat hulle behoort te leer. Die matriek-eindeksamen bied aan hoërskole in Suid-Afrika die geleentheid om hulself akademies te vergelyk met ander skole en verstellings te maak waar nodig. Dit is ’n luuksheid wat laerskole nie meer het sedert die afskaffing van die jaarlikse nasionale assesserings (ANA’s) in 2016 nie,” sê Brink.

Brink meen egter Makura kan teenstand verwag van onderpresterende of disfunksionele skole wat nie graag hul gebrekkige prestasie aan die groot klok wil hang nie. “Indien die geïntegreerde assesseringsraamwerk egter benut word om onderwysers te ondersteun en toe te rus om leemtes effektief aan te spreek en beter onderrig te gee, sal dit onderwys in Gauteng beslis baat,” sê Brink.

In ’n poging om self die leemte in gestandaardiseerde assessering te vul, het die SOS in November verlede jaar die eerste gestandaardiseerde Wiskunde-eksamens vir grade 4, 5 en 7 regoor die land geloods. Meer as 6000 Afrikaanse leerders van 43 skole het die eksamen afgelê. “Dit het aan laerskole wat vrywillig deelgeneem het, die geleentheid gegee om hulself op ’n nie-bedreigende manier te meet aan hul eweknieë. Waar Wiskundige leemtes geïdentifiseer is, kon skole planne maak om probleme doelgerig aan te spreek,” sê Brink. “Die SOS se Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde onderwysers (VAW) het terugvoer uit die gestandaardiseerde toetse ook benut as riglyn om hul opleidingsgeleenthede vir Wiskunde-onderwysers dienooreenkomstig aan te pas.”

Johan Koekemoer, Wiskunde-spesialis en hoof van die WAV sê Wiskunde is ’n unieke vak waarin almal nie ewe goed presteer nie. “By die VAW wil ons egter sien dat elke kind sy volle vermoë verwesenlik en geen kind een punt minder kry as dit waartoe hy of sy in staat is nie.” Hy sê die uitslae van die SOS se gestandaardiseerde Wiskunde-eksamen wys dat Afrikaanse onderwysers oor die algemeen puik werk doen. “Waar leerders swak gevaar het, kan dit enersyds die gevolg wees van ’n vreemde vraestel van wie die opsteller nie aan leerders bekend is nie. Andersyds kan dit ’n aanduiding wees van moontlike



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

leemtes in aanbieding van die kurrikulum of oneffektiewe onderrigmetodes,” sê Koekemoer. “Uit die uitslae is dit ook duidelik dat meeste leerders op ’n vroeë ouderdom reeds sukkel met 2D-vorms, lengte, massa en breuke.”

Koekemoer sê die feit dat die SOS se gestandaardiseerde toetse vrywillig deur skole afgelê is, hou die voordeel in dat skole en onderwysers die uitslae as waardevolle terugvoer beskou, eerder as ’n stok om onderpresteerders by te kom. Die volledige SOS verslag met praktiese aanbevelings vir Wiskunde-onderrig in laerskole word in Augustus 2019 gepubliseer en sal tot die Gautengse Departement van Onderwys se beskikking gestel word.

Vir verdere inligting, kontak Johan Koekemoer sel: 082 878 0111



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

